Die Wilgers
Residents Association
Inwonersvereniging

P O Box 70843
Die Wilgers 0041
Fax: 012 8074291
www.dwra.co.za
chair@dwra.co.za

**NEWSLETTER**
**MAY 2012**

Dear Residents,

As announced last month, our monthly newsletter follows the committee meeting which are held on the second Thursday of each month. If you have any items for discussion, please submit them to any member of the committee. We have a dynamic committee this year and I would like to take the opportunity to thank them for contributing their time and energy.

At our last meeting we eventually launched the CCTV camera project. We believe this exciting development, together with the radio network, patrols and collaboration with ComSafe, will complete the package of security measures that makes Die Wilgers one of the safest open residential areas in Pretoria. As indicated in the graph below we have presently received 21% of budgeted contributions (the R150,00 per household) and 36% for the CCTV camera system. We have thus almost reached the target of R25 000,00 for the first camera.
***Thank you very much for your contributions.***
As far as the CCTV camera system is concerned, we are attempting to find a good balance between quality, functionality and cost for the system and will install cameras as funds become available. In order to get going, the committee has decided to immediately make available R25 000,00 for the first camera to be installed at the corner of Rossouw and Uitspan Street. The monitoring and information management of the cameras will be managed by ComSafe, as part of the contract agreement with DWRA that also covers the radio network and repeater maintenance. In an ideal situation we would like to have 12 such cameras to cover all hot-spots in our area. We believe the CCTV system will greatly contribute to security by assisting in identifying criminals and suspect vehicles and helping the police to apprehend and convict criminals.

In this regard I would like to thank ComSafe, not only for the best security support we have ever had from a security company, but also for paying DWRA contributions on behalf of many ComSafe clients. The budgeted income of more than R20 000,00 from this source will greatly contribute

**NUUSBRIEF**
**MEI 2012**

Beste Inwoners,

Soos reeds aangekondig is, volg daar ‘n nuusbrief na die vergadering wat op die tweede Donderdag van elke maand plaasvind. Indien u besprekingitems vir die vergadering het, kan u dit aan enige lid van die komitee deurgee. Vanjaar se komiteelede is ‘n dinamiese span en ek gebruik graag die geleentheid om hulle vir hul tyd en energie te bedank.

Met ons vorige vergadering het ons uiteindelik die GKTV-kameraprojek geloods. Ons glo hierdie opwindende ontwikkeling, saam met die radionetwerk, patrollies en samewerking met ComSafe, sal die veiligheidspakket voltooi om Die Wilgers een van die veiligste oop residensiële gebiede in Pretoria te maak. Soos in die grafiek hier onder getoon word, het ons huidig 21% van die bydraes waarvoor daar begroot is (die R150,00 per huishouding) en 36% vir die GKTV-kamerastelsel geïn. Ons het dus al amper die teiken van R25 000,00 vir die eerste kamera bereik.

***Baie dankie vir u bydraes.***
In soverre dit die GKTV-kamerastelsel betref, probeer ons ‘n goeie balans handhaaf tussen kwaliteit, funksionaliteit en koste en sal mettertyd kameras installeer sodra die fondse beskikbaar is. Die komitee het besluit om die proses af te skop deur onmiddellik R25 000,00 beskikbaar te stel sodat die eerste kamera op die hoek van Rossouw en Uitspanstraat geïnstalleer kan word. Die monitering en inligtingbestuur van die kameras sal deur ComSafe behartig word as deel van die kontrak ooreenkoms met die DWRA, wat ook die radionetwerk en instandhouding van die repeteerder insluit. Die ideaal is 12 kameras om al die brandpunte in ons gebied te dek. Ons glo dat die GKTV-stelsel grootliks tot veiligheid sal bydra deur misdadigers en verdagte voertuie te identifiseer en sodoende die polisie te help om hierdie misdadigers in hegtenis te neem en te vervolg.

Ten opsigte hiervan wil ek graag ComSafe bedank wat nie net aan ons die beste veiligheidsondersteuning bied wat ons nog gehad het nie, maar ook vir die DWRA-bydraes wat die maatskappy namens alle ComSafe-kliënte aan ons oorbetaal. Die begrote inkomste van meer as

to our activities, including the cameras.

R20 000,00 uit hierdie bron sal grootliks bydra tot ons aktiwiteite, insluitend die kameras.




Apart from asking outright for donations, the committee is planning a couple of actions to raise funds for the project.

Details of the first event, a **white elephant sale,** will be announced soon. Start looking for any items that you have not used in the past few years and let DWRA committee assist you in getting rid of it.

The committee is still looking for a volunteer to advise/assist us on legal matters including the wording of certain letters to be written to the municipality or developers. Please respond to chair@dwra.co.za if you are willing to assist.

Finally we would like to humbly request the yearly contribution of R150,00 per household or R250,00 + R10,00 per unit per year for complexes.
Contributions to the camera project will also be highly appreciated. Please add "Camera" or at least "Cam" to the payment notice.

Afgesien van die versoek vir skenkings, beplan die komitee om 'n paar aktiwiteite te reël om die projek te befonds. Besonderhede van die eerste gebeurtenis, **'n wit olifantdag,** sal binnekort bekend gemaak word. Begin solank rondkyk vir enige items wat u nie die afgelope paar jaar gebruik het nie en laat die DWRA-komitee u help om daarvan ontslae te raak.

Die komitee soek steeds 'n vrywilliger uit die gemeenskap wat bereid is om bystand te verleen rakende regsaangeleenthede, insluitend die bewoording van sekere briewe wat aan die munisipaliteit of ontwikkelaars gerig moet word. Rig u antwoord asseblief aan chair@dwra.co.za indien u bereid is om te help.

Laastens weer eens 'n vriendelike versoek dat u die jaarlikse bydrae van R150,00 per huishouding, of R250,00 + R10,00 per eenheid per jaar vir komplekse sal betaal.
Bydraes vir die kameraprojek sal ook baie waardeer word. Voeg asseblief 'Camera' of minstens 'Cam' by u betalingsbewys.

Best regards / Vriendelike groete
*Manfred Scriba* (chair@dwra.co.za)

**BANK :** STANDARD BANK
**Account/Rekening:** Die Wilgers Residents Association.
**Number/Nommer**: 012190764
**Branch/Tak:** 012445

**CHEQUE / TJEK:**
"**Die Wilgers Residents Association**"

*Please add your name and/or street address / Voeg asseblief u naam of straatadres by.*